Gauteng Onderwysdepartement
Laerskool Elspark
Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za
Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2024-01-17

Geagte Ouer/Voog

# OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN JANUARIE 2024

## WELKOM TERUG - MNR PRETORIUS

Graag verwelkom ons al ons ouers, kinders en personeel terug na die vakansie. 'n Besonderse woord van welkom aan ons ouers, kinders en personeel wat vir die eerste keer aansluit by die skool. Mag ons vir almal van u toebid 'n voorspoedige en geseënde 2024, waarin u en u kind geluk, vreugde en prestasie kan ervaar. Ons glo en vertrou dat ons Hemelse Vader ons weer in hierdie nuwe jaar besonder sal seën soos al die vorige jare.

Onthou asb. my kantoordeur staan oop vir enige ouer wat navrae of bekommernisse het. Indien u nie 'n afspraak kry nie, kan u nogsteeds enige tyd 'n epos stuur na riaan@lselspark.co.za of hoof@lselspark.co.za .

Onthou opbouende kritiek maak ons skool net sterker en sterker. Byvoorbaat dankie aan u as ouer vir u ondersteuning, wees verseker ons waardeer u opreg.

**Hierdie jaar se tema: Maak 'n verskil!**

## OUERAAND – MNR DENNER

Alle ouers word genooi om die oueraand by te woon.

| | |
|---|---|
| Wie: | Gr 1 tot Gr 7 |
| Datum: | Dinsdag, 30 Januarie 2024 |
| Tyd: | 18:00 tot 19:00 |

## HEK BY ADMINISTRATIEWE KANTOOR – MNR DENNER

Graag rig ons 'n vriendelike versoek aan ons ouers en leerlinge om asb. nie die hek by die administratiewe kantoor te gebruik as 'n deurgang nie. Die hek is slegs vir ouers wat 'n navraag het in die kantoor, 'n afspraak wil maak of skoolgelde wil betaal.

## KLEUTERSKOOLAPPARAAT – MNR DENNER

Die kleuterskool versoek asb. dat die laerskoolleerlinge nie voorskool of na skool op die apparaat speel nie, dit is slegs vir die kleuterskool se gebruik.

## SKOOLTYE EN TOESIG – MNR DENNER

Die skooltye van Laerskool Elspark is as volg:
Gr 1: 07:30 tot 13:00
Gr 2,3 en LSEN 07:30 tot 13:30
Gr 4 tot 7 07:30 tot 13:30
Die skoolhekke word reeds voor sewe-uür in die oggend oopgesluit vir leerlinge wat vroeg by die skool aankom.

Leerlinge wat nie aan aktiwiteite na skool deelneem nie, gaan na die wagarea by die hekke, waar hulle wag vir hulle vervoer.

Die leerlinge wat aan aktiwiteite na skool deelneem, sal onder die toesig van die afrigter wees. Alle ander leerlinge wat nie aan aktiwiteite deelneem nie **moet betyds afgehaal word voor 14:00** elke dag.

Geen leerling sal op die terrein toegelaat word sonder toesig na 14:00 nie. Bogenoemde reël geld ook vir die leerlinge wat by die skoolhekke wag vir hulle vervoer.

## NASKOOLSENTRUM – ME McKENZIE

Baie welkom terug aan al ons leerlinge by die naskoolsentrum. Let asb. daarop dat ons tye nogsteeds stiptelik 17:30 is vir die afhaal van u kind.

Merk asb. al u kinders se skoolklere, kouse en skoene. Januarie se naskoolgelde was reeds betaalbaar.

Koste beloop R1 155 per maand. Moet asb. nie agter raak met die betalings nie. NB!!!! U moet 30 dae skriftelik kennis gee indien 'n leerling uit die naskoolsentrum gehaal word.

## SKOOLGELDE VIR 2024 – MNR PRETORIUS

| SKOOLGELDBETALING 2024 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **ITEM** | | **BEDRAG PER MAAND** | **BETALINGSTYDPERK** | **BEDRAG VIR 2024** |
| **1** | **Skoolgeld vir enkelkind (Gr 2 - Gr 7)** | 1590 | **12 Maande** | **19080** |
| **2** | **Skoolgeld vir tweede kind (Gr 2 - Gr 7)** | 1590 (3180) | **12 Maande** | **19080** |
| **3** | **Skoolgeld vir derde kind (Gr 2 - Gr 7)** | 637 (3817) | **12 Maande** | **7644** |
| **4** | **Skoolgeld vir Gr 1 - 2024** | 950 | **12 Maande** | **11400** |
| **Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se skoolgeld moet betaal word op die eerste skooldag van 2024.** | | | | |

<table>
<tr><td colspan="5">Indien volle skoolgeld vir 2024 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word.<br><br>Ongelukkig kwalifiseer Gr 1 leerlinge nie vir hierdie afslag omdat hulle reeds afslag kry vir 2024 (Indien geen betaling tot 31 Mrt gemaak word nie, moet 'n skriftelike reëling met die skoolhoof getref word)</td></tr>
<tr><td>5</td><td>Naskoolgeld vir 'n enkelkind</td><td>1155</td><td>11 Maande</td><td>12705</td></tr>
<tr><td>6</td><td>Naskoolgeld vir tweede kind</td><td>1155 (2310)</td><td>11 Maande</td><td>12705</td></tr>
<tr><td>7</td><td>Naskoolgeld vir derde kind</td><td>1155 (3465)</td><td>11 Maande</td><td>12705</td></tr>
<tr><td colspan="5">Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2024. Geen subsidie word toegestaan nie.</td></tr>
<tr><td></td><td>Kleuterskool skoolgeld vir elke kind</td><td>1720</td><td>12 Maande</td><td>20640</td></tr>
<tr><td colspan="5">Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2024. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool nie.</td></tr>
</table>

<u>Uitstaande gelde!!!</u>
Daar is ouers wat alreeds agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde was reeds betaalbaar.

***Bankbesonderhede:***
***ABSA Bank***
***Tjekrekening no: 230 301 360***
***Takkode: 632005***
***Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad***

**Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark CMM Attorneys (Prokureurs) gebruik om al die oorhandigings te hanteer.**

<u>ABBA OUERS:</u>
Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer! Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak, kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! ***Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.***

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

**NB!** Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansieskantoor.

## LEOS - ME LOURENS

Die LEOS by Laerskool Elspark is 'n groep mammas en pappas wat saamwerk om fondse in te samel om in ons behoeftige leerlinge se noodsaaklikste behoeftes te voorsien.

Die LEOS is in beheer van die meeste verkope gedurende skoolfunksies, sportgeleenthede, koekverkopings, ens. Ouers word benodig om ons te help met verkope tydens tuisbyeenkomste.

**Broodjies/kospakkies: Die LEOS verskaf daagliks vir 75 behoeftige leerlinge toebroodjies en ons benodig asb. ouers om 1 dag se kospakkies te maak op hul eie onkoste. 'n Skooldag is baie lank vir die leerlinge en die broodjies is soms die enigste maaltyd wat hulle ontvang vir die dag. Kontak asb. Me Celeste Komen (celeste@elsies.co.za) indien u sal kan help hiermee.**

***Atletiekkampioenskappe - Vrydag, 19 Januarie***

Ons benodig groot asb. ouers om ons te help met verkope vir Vrydag vanaf 07:00 tot 13:00. Indien u kan help kontak asb. vir Me Lourens by 082 785 2953.

## KOSKAS VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE - ME KOMEN

Laerskool Elspark het 'n koskas by die skool waaruit ons vir die leerlinge en hul gesinne voedsel verskaf vir naweke en vakansies. Ons koskas is op die oomblik dolleeg en ons sal dit graag weer wil volmaak vir tyd wat ons die kos broodnodig het.

Nogmaals dankie aan elke ouer en leerling vir die bydrae wat u gemaak het om ons behoeftige gesinne se Kersgety op te helder.

Ons vra dat leerlinge asb. sal deelneem aan ons bring-'n blik-projek op Vrydae. Indien u bereid is om enige nie-bederfbare kos (bv. blikkieskos, badbenodighede, ens.) te skenk, stuur dit na u kind se registeronderwyser.

## SNOEPIE - MNR LOURENS

Kyk gerus na die snoepwinkel se "page" (Instasnax) op Facebook vir die weeklikse spyskaart. Die spyskaart sal aanklank vind by al die leerlinge. Leerling kan bestellings plaas om hulle honger magies te stil.

Reëlings ten opsigte van bestellings:

- Leerlinge kan bestellings plaas tussen 7:00 en 7:30 by die snoepwinkel.
- Die bestelvorm is beskikbaar op die communicator, webwerf en die Facebook-bladsye van die snoepie en die skool.
- Die bestelvorm is ook beskikbaar by die snoepwinkel self.
- Die bestelvorm sal die spyskaart vir die hele week aandui en ouers kan dus beplan vir wanneer hulle bestellings wil plaas.
- Daar gaan 'n spesiale ry wees vir leerlinge om bestellings af te haal en hulle sal dus nie in die algemene ry hoef te wag nie.

***Wilma en haar span sien uit daarna om julle by die Elspark Snoepwinkel te sien. Kom maak gerus 'n draai.***

## COMMUNICATOR/FACEBOOK/TIKTOK - ME S DU TOIT

Wil jy deel wees van ons Facebook gemeenskap? Ons deel inligting, prestasies en sommer net lekker wenke. U kan ons vind op Facebook - ***Elspark Elsie***.

Ons skakel oor na Communicator se nuwe weergawe waar alle omsendbriewe en inligting gelaai sal word. U kind se demerietes sal ook sigbaar wees op die nuwe app (D6 Connect). Laai dit asb. af op u slimfoon of rekenaar. Dit is beskikbaar in die App store. (http://www.school-communicator.com/ )

Elsies is op TIKTOK ook. Gaan volg ons gerus @superelsies!

## MY SCHOOL - ME BOTHA

Ons doen 'n beroep op u as ouers om asb. so gou moontlik te registreer vir 'n "My School"-kaart. Elke aankope wat u doen kwalifiseer die skool vir 'n persentasie van die bedrag asook maandelikse pryse wat u kan wen. U ondersteuning sal opreg waardeer word.

Die aansoekvorm vir die MySchool-kaart is beskikbaar op die communicator. Ondersteun asb. Laerskool Elspark op die manier.

Die kaart kan gebruik word by: Woolworths, Engen QuicksShop, Waltons, Loot.co.za, Flight Centre, Worksheet Cloud, Power24.co.za, Wimpy Carnival Mall, Mugg & Bean Carnival Mall en Mugg en Bean Springs Mall.

## ATLETIEK - ME NOVELLIE

Welkom aan al ons atlete, hoop julle het hard geoefen want ons het 'n kort atletiekseisoen op hande.

***<u>Interhuisbyeenkoms</u>***

Ons skop reeds af Vrydag, 19 Januarie met ons Interhuisbyeenkoms. Leerlinge trek Vrydagdrag aan. Atlete kan swart kleefbroeke ("skipants") aantrek met 'n Vrydaghemp.

***<u>Massa-atletiek</u>***

Graag nooi ons u en u kind uit na 'n aand van pret waar u kind aan massa-atletiek gaan deelneem.

Die doel van die massa-atletiek is om 'n bietjie gees te vang en dit is 'n geleentheid vir elke leerling om deel te kan neem.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | Dinsdag, 23 Januarie |
| Tyd | : | 17:30 - 20:00 |
| Parkering | : | Skool rugbyveld (Finchstraat) |

Kom geniet die aand saam met ons. Daar sal 'n snoepie wees wat ribrolletjies, warmbrakke en koeldranke verkoop.

**NB!!!! Ons benodig asb. dringend ouers wat sal help met die aand se verkope. Kontak asb. Me Lourens (082 785 2953) indien u bereid is om te kom help. Dit sal opreg waardeer word.**

Oefening begin reeds **Maandag, 22 Januarie** in die middae vanaf **13:30 tot 15:00**. Atlete moet seker maak hulle bring klere en kom by hulle onderskeie items uit om te oefen.

Indien 'n atleet privaat oefen moet hul skriftelik Juffrou Novellie en hul item afrigter laat weet. Atlete wat deelneem sal briefies ontvang.

Ons eerste atletiekbyeenkoms is reeds 25 Januarie te Germiston Stadion. Atlete wat deelneem sal 'n briefie ontvang.

Die hoogtepunt van die seisoen is dan ons Interlaer wat op 31 Januarie plaasvind. Geen toeskouers (leerlinge) woon hierdie dag by nie slegs die atlete wat deelneem.

***Die volgende items kry net voorkeur op die dae maar atleet kan elke dag elke item gaan oefen.***

Sessie 1: 13.30 - 14.15

| Wie | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| 0/13 | Vespring/<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Hoogspring/<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring/<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Gewigstoot/<br>Hoogspring<br>Spiesgooi/werpskyf |
| 0/12 | Gewigstoot/<br>Hoogspring<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring/<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Hoogspring/<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskryf | Verspring/<br>Naellope/hekkies<br>Langafstande |
| 0/11 | Verspring/<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Gewigstoot<br>Hoogspring | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Hoogspring<br>Gewigstoot |
| 0/10 | Hoogspring/<br>Gewigstoot | Verspring/<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Hoogspring<br>Gewigstoot | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande |
| 0/7;0/8;0/9 | Naellope/langafstand | Naellope/langafstande | Naellope/langafstande | Naellope/langafstand |

Sessie 2: 14.15 - 15.00

| Wie | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| 0/13 | Gewigstoot<br>Hoogspring/<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Hoogspring<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande |
| 0/12 | Verspring<br>Naellope/hekkies<br>Langafstande | Gewigstoot<br>Hoogspring<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naeliope/Hekkies<br>Langafstande | Hoogspring<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf |
| 0/11 | Hoogspring<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Gewigstoot<br>Hoogspring<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/ Hekkies<br>Langafstande |
| 0/10 | Verspring<br>Naellope/Hekkies +<br>Langafstande | Hoogspring<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Gewigstoot<br>Hoogspring<br>Spiesgooi/werpskyf |

## NETBALTOER – ME DU TOIT

Welkom terug aan elke netbalspeler. Netbaltoer 20-23 Maart 2024 te Swartkloof Natuur Resevaat die koste is R2700 ( alle gelde moet teen 15 Maart 2024 ten volle betaal wees)

Netbaloefening O/10-O/13 vir alle belangstellende dogters begin 5 Februarie Maandae tot Vrydae 14:00 -14:45.

## VOORTREKKERS - ME LAUBSHER

Welkom terug by 'n opwindende kwartaal! Hierdie jaar gaan ons elke Vrydag middag vanaf 16h00 tot 17h00 by die vlagpale bymekaarkom vir hope pret.

Ons openingsbyeenkoms, waar ons die ouers ontmoet en inligting deurgee, gaan die 26ste Januarie plaasvind. Op 24 Februarie bied ons 'n stapbyeenkoms vir al die Voortrekker leerlinge aan, te Klipriviersbergnatuurreservaat.

Kom loer gerus in by ons. Almal is welkom.

Ons beplan baie pret hierdie kwartaal. Hou hierdie spasie dop!

## KLEREBANK - ME VAN DYK

Klerebanknavrae en -versoeke word gestuur na Me Ella van Dyk op 060 988 5833.

Die boodskap moet asseblief die volgende inligting bevat:

- Besonderhede van die leerling (Naam, van, klas)
- Items en grotes benodig
- Ouer se kontakbesonderhede

Klerebanktye: Dinsdae en Donderdae vanaf 7:00 tot 13:30

## KOMMUNIKASIE - ME BRITZ

- Moenie huiwer om met personeel te kommunikeer via e-pos nie.
- Maak asseblief seker dat ons u korrekte e-pos adres het sodat u ook van die skool af kommunikasie kan ontvang. Die personeel se e-pos adresse sal vir u gemak onder aan die omsendbrief verskaf word.

## DISSIPLINE - MNR MULLER

Ouers moet asb. sorg dat hulle kinders reg geklee is vir skool. Vrydagdrag is die wit sporthemp en die blou kortbroek met tekkies. Geen skooltrui of "pullover" mag saam met Vrydagdrag gedra word nie.

Dogters: Hare moet netjies vas wees met die korrekte kleur haarrekkies ens. Hare mag nie in hulle gesig hang nie.

Seuns: Hare moet netjies en kort wees. **Geen, maar geen "combovers" of snaakse style nie**.

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy liefde, genade en beskerming gedurende die skoolvakansie en dat ons almal veilig 'n nuwe skooljaar kan begin.
- Dankie aan al ons ouers en leerlinge wat die jaar op 'n positiewe noot begin. U maak 'n groot verskil.

Filippense 3:16

Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof (Waarnemend)

---

**Skeurstrokie – LEOS ONDERSTEUNER**

Ek ________________________ ouer/voog van _________________ in gr ____ wil graag aansluit as 'n LEOS ondersteuner.

___________________________ ___________________________

Handtekening Kontaknommer

---

**Skeurstrokie - Toebroodjies vir behoeftige leerlinge**

Ek ________________________ ouer/voog van _________________ in gr ____ is bereid om toebroodjies te maak vir 75 leerlinge _____ keer per kwartaal.

___________________________ ___________________________

Handtekening Kontaknommer

| PERSONEEL E-POS ADRESSE | |
|---|---|
| **Skoolbestuur** | **E-pos adres** |
| Vakante Pos - Skoolhoof | |
| Riaan Pretorius (Adjunkhoof) | riaan@lselspark.co.za |
| Hendrik Denner (Adjunkhoof) | hendrik@lselspark.co.za |
| Elna McKenzie (Departementshoof) | elna@elsies.co.za |
| Helene Grobler (Departementshoof) | helene@elsies.co.za |
| Ian Muller (Departementshoof) | ian@elsies.co.za |
| Zinetta Britz (Departementshoof) | zinetta@elsies.co.za |
| Elsa van Staden (Departementshoof) | elsa@elsies.co.za |
| **Onderwysers** | **E-pos adres** |
| Bianca J.v Rensburg | bianca@elsies.co.za |
| Bonita Nell | bonita@elsies.co.za |
| Celeste Komen | celeste@elsies.co.za |
| Chane Ford | chane@elsies.co.za |
| Chantelle Badenhorst | chantelle@elsies.co.za |
| Christa van der Merwe | christa@elsies.co.za |
| Danika Barnard | danika@elsies.co.za |
| Demi Fourie | demi@elsies.co.za |
| Elmien De Bruyn | elmien@elsies.co.za |
| Ericia v.d. Berg | ericia@elsies.co.za |
| Esca Erasmus | esca@elsies.co.za |
| Francisca Myburgh | fransisca@elsies.co.za |
| George Botha | george@elsies.co.za |
| Hansie Keyter | hansie@elsies.co.za |
| Japie Weideman | japie@elsies.co.za |
| Jeanine van der Westhuizen | jeanine@elsies.co.za |
| Jean-marie Lange | jean-marie@elsies.co.za |
| Jodi Laubscher | jody@elsies.co.za |
| Kayla Breedt | kayla@elsies.co.za |
| Kayla Burger | kaylab@elsies.co.za |
| Kylin Le Roux | kylin@elsies.co.za |
| Lelani Vos | lelani@elsies.co.za |
| Liz-Marie Nel | liz-marie@elsies.co.za |

| | |
|---|---|
| Madelyn Stoman | madelyn@elsies.co.za |
| Marcelle du Plessis | marcelle@elsies.co.za |
| Marinda Lourens | marinda@elsies.co.za |
| Maritza de Beer | maritza@elsies.co.za |
| Marli Novellie | marli@elsies.co.za |
| Marna Jacobs | marna@elsies.co.za |
| Melissa Wait | melissa@elsies.co.za |
| Monya Botha | monya@elsies.co.za |
| Morne Badenhorst | morne@elsies.co.za |
| Nicole Barnard | nicole@elsies.co.za |
| Nicole Erasmus | nicoles@elsies.co.za |
| PJ Muller | pj@elsies.co.za |
| Rozelle van Dyk | rozelle@elsies.co.za |
| Ruben Bodenstein | ruben@elsies.co.za |
| Sanet Du Toit | sanet@elsies.co.za |
| Simone Burger | simone@elsies.co.za |
| Suzette Walters | suzette@elsies.co.za |
| Tania Mitton | tania@elsies.co.za |
| Tayla Grobler | tayla@elsies.co.za |
| Tonya Scholtz | tonya@elsies.co.za |
| Tuanette Botha | tuanette@elsies.co.za |
| Zanelle Raath | zanelle@elsies.co.za |
| Zelda Fanoe | zelda@elsies.co.za |
| Zelnerie Badenhorst | zelnerie@elsies.co.za |
| Zhanteze Weingartz | zhanteze@elsies.co.za |
| **Kantoorpersoneel** | **E-pos adres** |
| Judith van Zyl (P.A. – Skoolhoof) | judith@lselspark.co.za |
| Riekie Wessels (Finansies Hoof) | riekie@lselspark.co.za |
| Marinda Smit (Sekretaresse) | marinda@lselspark.co.za |
| Sonja Fourie (Finansies klerk) | sonja@lselspark.co.za |
| Simone Viljeon (Admin/Navrae klerk) | simone@lselspark.co.za |
| Linda Cook (Onvangs/Navrae klerk) | linda@elsies.co.za |
| Louis van Rooyen (IT – Tegniese bystand) | louis@lselspark.co.za / louis@èlsies.co.za |